NUUSBRIEF
NEWS LETTER
van / of TUINROETE AGRI

wenakker

tuinroete agri

Maart/ March 2011

Seënbede in Deuteronomium 28 vers 12:
"Die Here sal sy goeie voorraadskuur, die Hemel, vir jou oopmaak om vir jou land reën te gee op die regte tyd, om alles wat jy doen te seën. Dan sal jy aan baie kan leen, maar self sal jy nie hoef te leen nie" *(Artho Saayman se bede vir 2011)*

NUWE TRA KNYSNA!

Dames en Here ons bied aan: Die eerste hoofstuk van die lang verwagte nuwe TRA Knysna!

Ons het uiteindelik begin met die lang verwagte nuwe gebouprojek in Knysna. Ons is baie opgewonde oor die ontwikkeling wat, as alles goed verloop, teen einde 2011 voltooi behoort te wees. Die gebou gaan baie groter wees en die goeie nuus is dat dit oorgenoeg parkering gaan bied. Ons brandstofpunt gaan 8 voertuie gelyk kan diens, waar ons tans net kapasiteit vir 2 voertuie het.

The building process will consist of two phases:
Phase One: Construction of the new feedstore and fuel station. This is in the rear half of the property adjacent to Gordon Street. Once completed between May and June 2011, we will begin to trade in the new fuel station and will move our current shop into the feedstore, from where we will trade while the phase two part of the process takes place.
Fase twee: Afbreek van die ou winkel en voerstoor en bou die nuwe handelswinkel. Die nuwe winkel gaan ongeveer 3 keer groter wees. Ons sal dus spasie hê vir nuwe, opwindende produkreekse waarvoor ons voorheen nie plek gehad het nie. Teen die einde van die fase sal ons die handelswinkel uit die voerstoor skuif en begin handel dryf uit die nuwe gebou. Ons verwag dat dit teen Oktober/November sal geskied. Die voltooide winkel sal met 65 parkeerplekke spog asook met plaveisel. Stof en modder sal dus iets van die verlede wees.

How will we trade during the whole building project?
Retail Shop: This will stay as it is until the new phase one building is complete. We will then move into this phase one building and trade from here until the final retail shop is ready for us. Entrance to this shop will only be from Waterfront Drive and exit into Gordon Street.
Feed-store: We will keep smaller quantities of all of our feed-store products in our temporary feedstore, which is on the side of our main building, and will supplement these stocks with daily deliveries from our bulk warehouse in the industrial area. Entrance to this feedstore will only be from Waterfront Drive and exit into Gordon Street.
Fuel: We will move two of our diesel pumps to the eastern side of the current building, so that we can continue to supply you with diesel. Entrance to fuel pumps only from Waterfront Drive and exit into Gordon Street.
Paint & Gas: As many of you know already, we have already opened our Agri Paint & Gas shop in Gordon Street. This is operating highly successfully and is in place so that our LPG Gas and paint customers will not be slowed down by the building process.
Deliveries: We will continue to support you with deliveries of our goods, so please contact us should you require any delivery of our items. Our contact details are: Tel: 044 382 3027. E-mail: lwestraad@tagri.co.za

At times it is going to be congested and we will endeavour to make your purchasing process as smooth as possible. We therefore ask that you please be patient with us during this year. Remember all good things come to those who wait.

Ons bedank u byvoorbaat vir u geduld in die verband. Ons glo dat die ongerief uiteindelik die moeite werd gaan wees.

Robbie Dawes
Takbestuurder Knysna

ERVAAR DIE VERSKIL EN PLANT PANNAR RAAIGRAS

Kippie Horn- Voyager 55 Raaigras

Ricus Robertson by Sorom- en Drakensbergmengsel

Weiding vir melk-, vetlamproduksie en afronding van speenkalwers. Vestig dit onder besproeiing en benut dit gedurende die herfs-, winter- en lentemaande. Plant Westerwold-tipes vroeg in die herfs (Februarie/Maart) en benut van April/Mei tot Oktober/Desember. Italiaanse tipes kan vroeg in die herfs of alternatiewelik ook vroeg in die lente na die swaarste ryp (Augustus/September) gevestig word, waarna dit weiding vir ongeveer 15 maande behoort te voorsien. Westerwold-tipes lewer beter produksie in die midwinter, terwyl die Italiaanse tipes later in die lente beter produksie lewer.

Eenjarige Raaigrasse *(Lolium multiflorum)* ***Planttyd:*** *Februarie/Maart, terwyl die Italiaanse tipes ook in die vroeë lente gevestig kan word.*

KULTIVAR	EIENSKAPPE EN AANWENDING	PLANTDIGTHEID KG/HA 1500 MM / BESPROEIING
VOYAGER 12	'n 100% tetraploïede Westerwold-mengsel vir maksimum raaigrasopbrengste tot einde Oktober. Ideaal as wisselgewas saam met mielies onder besproeiing.	Rye: 30 – 35 Breedwerpig: 40
VOYAGER 31	Vinnig om te vestig, 'n mengsel met 'n 75% tetraploïede Westerwold-komponent. Goeie koue toleransie met goeie laatherfs- en winterproduksie.	Rye: 25 – 30 Breedwerpig: 35 – 40
VOYAGER 55	Die 100% tetraploïede mengsel groei hoër, produseer breër blare en is smaakliker. Dit is 'n mengsel van 50% Westerwold en 50% Italiaanse raaigras, is vinniger as DARGLE en lewer tot 30% hoër opbrengste. Indien dit goed bestuur word, behoort dit tot Desember te hou. Onttrek besproeiing twee tot drie dae voor beweiding vir beter DM-inname en diereproduksie.	Rye: 25 – 30 Breedwerpig: 35 – 40
DARGLE	'n Italiaanse raaigras met 'n sterk Westerwold-komponent. Dit gee goeie midwinterproduksie. Deur die LNR-Veld en Weidinginstituut (VWI) ontwikkel.	Rye: 20 – 25 Breedwerpig: 25 – 30
MISPAH	Oorwegend 'n tetraploïede Westerwold-tipe wat 'n beter produksie lewer as MIDMAR en AGRI-HILTON. 'n Stabiele midwinterproduseerder. Deur die LNR-VWI ontwikkel.	Rye: 25 – 30 Breedwerpig: 30 – 35
ENERGYL	'n 100% Italiaanse tipe met uitstekende prestasie in die LNR-VWI nasionale proewe. Ideaal vir aanplanting in die lente in die gematigde dele.	Rye: 20 – 25 Breedwerpig: 25 – 30
FEAST II NUUT!	'n Oorwegend Italiaanse tetraploïede raaigras met uitstekende roesweerstand, asook goeie hitte- en droogteweerstand. Tetraploïede raaigrasse bevat hoër wateroplosbare koolhidrate, asook 'n hoër selinhoud-tot-selwandverhouding, wat 'n beter voedingswaarde tot gevolg het.	Rye: 25 – 30 Breedwerpig: 30 – 35

Klawer

Die grootste voordeel van klawer is die vermoë om stikstof te bind en hoëkwaliteitproteïen te produseer. Die meeste kultivars is aangepas vir die koeler gebiede met 'n reënval hoër as 800 mm per jaar. Dit word gewoonlik onder besproeiing verbou. Die gevaar van opblaas word aansienlik verminder wanneer dit in kombinasie met gras as mengsels aangeplant word. Saad moet altyd voor aanplanting met vars entstof geënt word. Ideaal in 'n mengsel met meerjarige raaigras, langswenkgras of kropaargras. Witklawer lewer beter lente- en herfsweiding, terwyl rooiklawer beter in die somer produseer. Klawer is nie geskik vir perde nie.

Witklawer *(Trifolium repens)* ***Planttyd:*** *Februarie tot April.*

KULTIVAR	EIENSKAPPE EN AANWENDING	PLANTDIGTHEID KG/HA 1500 MM / BESPROEIING
DUSI	'n Ladino-tipe geteel vir 'n beter penwortel. Dit is meer verdraagsaam teenoor droogte en suurgrond. Puik opbrengspotensiaal.	Grasmengsels: 2 – 3 Klawermengsels: 2 – 4
SHASTA NUUT!	Ladino-tipe, sianiedvry (blousuurvry). Egter nie skuimopblaasvry nie. Kan baie koue toestande hanteer. Kan van Februarie tot Augustus geplant word.	Grasmengsels: 2 – 3 Klawermengsels: 2 – 4

Rooiklawer *(Trifolium pratense)* ***Planttyd:*** *Februarie tot April.*

KULTIVAR	EIENSKAPPE EN AANWENDING	PLANTDIGTHEID KG/HA 1500 MM / BESPROEIING
QUINEQUELI	Dit is 'n hooggroeiende klawer met groot blare en komplementerend tot witklawer met beter somerproduksie. Dit is gehard, langlewend en baie smaakvol. Opblaas is minder van 'n probleem.	Grasmengsels: 2 – 4 Klawermengsels: 4 – 6
TROPERO NUUT!	Uitstekende kiemkragtigheid vir vinnige vestiging. Uitnemende blaar-, kroon- en wortelsiekteweerstand. Verhoogde droogteverdraagsaamheid. In VSA geteel.	Grasmengsels: 2 – 4 Klawermengsels: 4 – 6

Berseemklawer *(Trifolium alexandrinum)* ***Planttyd:*** *Februarie tot Maart.*

KULTIVAR	EIENSKAPPE EN AANWENDING	PLANTDIGTHEID KG/HA 1500 MM / BESPROEIING
CALIPSO	Eenjarige klawer met uitstekende hergroei en lewer opbrengste soortgelyk aan raaigras. Geen gevalle van blousuurvergifting is nog gerapporteer nie. Pas egter versigtige beweiding toe wanneer CALIPSO welig en vinnig tydens die lente groei, siende dat skuimopblaas kan voorkom. Dit kan as weiding, hooi, kuilvoer of groenbemesting benut word. Berseemklawer beskik oor autotoksisiteit en kan slegs elke derde jaar op dieselfde land geplant word.	Alleen: 15 Grasmengsels: 10

"Verlede jaar het ek weiding vir my diere gesoek, nou soek ek my diere in die weiding" (Berry Botha, Glentana)

De Heus koop veevoerbesigheid van Tuinroete Agri

Veevoerbesigheid van Tuinroete Agri:
Tuinroete Agri en De Heus is verheug om aan te kondig dat die veevoerbesigheid asook die Kleinberg perseel aangekoop is deur De Heus. Hierdie transaksie is onderhewig aan sekere opskortende voorwaardes, met teikendatum van oorname op 1 Mei 2011. Na oorname sal die huidige veevoerbedrywighede van Tuinroete Agri, wat tans plaasvind by Riversdal en Kleinberg, gekonsolideer word deur De Heus op die Kleinberg (Mosselbaai) produksieperseel.

De Heus Groep
De Heus is 'n internasionale veevoeronderneming wat reeds 100 jaar in privaatbesit is van die De Heus familie. Die onderneming wat in 1911 gestig is, het sy wortels in Nederland. Sedertdien het dit gegroei vanuit 'n plaaslike voeronderneming tot 'n konglomeraat met bedrywighede in meer as 35 lande op vier vastelande. De Heus Groep tel vandag onder die top-20 veevoerverskaffers in die wêreld en produseer daagliks hoë kwaliteit veevoer, konsentrate, vitamien en minerale mengsels. Jaarliks word meer as 3 miljoen ton in 30 veevoeraanlegte geleë in 9 lande op drie kontinente geproduseer. De Heus produkte word uitgevoer na meer as 45 lande wêreldwyd. Die hoofkantoor met die Sentrum van Uitnemendheid vir navorsing en ontwikkeling is geleë in Ede-Wageningen in Nederland. De Heus het meer as 1700 werknemers wêreldwyd wat daagliks met klante fokus op hul leuse: "Tesame vir beter resultate".

"Tuinroete Agri sien uit na die toegevoegde waarde wat De Heus as internasionale en nie geïntegreerde speler kan bied aan die plaaslike veevoer- en graanmark van die Suidkaap " aldus Jan Weys, Besturende Direkteur van Tuinroete Agri.

de heus

100 JAAR TESAME VIR BETER RESULTATE

tuinroete agri

Tuinroete Agri & Afrox Agrigas produk aanbod

Afrox, in samewerking met Tuinroete Agri, is in die proses om 'n unieke Industriële-Gas aanbod vir Boere te implementeer. Met die Agrigas aanbieding sal slegs Tuinroete Agri suurstof en asetaleen aan die boere verskaf sonder die betaling van maandelikse silinderhuur.

Die aanbod bestaan uit 'n gasprys & 'n eenmalige "nie terugbetaalbare silinder onderhoudskoste fooi". Die fooi is slegs van toepassing op ekstra silinders. Sou 'n boer byvoorbeeld 'n Agrigas silinder vir die eerste keer benodig, sal die fooi van toepassing wees.

Ons moedig u aan om van hierdie opwindende geleentheid gebruik te maak. Sou u enige navrae hê aangaande Agrigas, is u welkom om u naaste Tuinroete Agri Takbestuurder te kontak of vir Marietha du Toit, Nasionale Kontrakbestuurder Afrox 011 876 1280, of Afrox George 044 802 8800.

AFROX

CREDIT FACILITIES

Geregistreerde Krediet Verskaffer – NCRCP2411 / Registered Credit Provider – NCRCP2411

The Credit department is centralized at our Head-office in Mossel Bay for decision making. This is to focus on uniformity according to the approved credit policy of Tuinroete Agri. Application forms for new accounts and credit limits are available at all branches.

MONTHLY ACCOUNTS carry the highest interest rate, but this is only payable if the monthly accounts are not paid within 30 days from date of our statement. It is therefore advisable not to use the monthly account for purchases of production inputs.

LIFESTOCK PRODUCTION ACCOUNTS : As soon as the produce (milk, wool or life stock) is sold, the account should be settled. This would normally be on a monthly basis but can be extended to a 60 or 90 day period. Interest rates are calculated on a daily basis, from date of purchase and capitalized monthly to date of payment at prime based rates.

CROP-PRODUCTION ACCOUNTS : Interest rates are also prime based and are calculated from date of purchase until date of payment (purchase to payment dates). The maximum period for crop-production accounts is 8 months and should be settled as soon as possible after harvesting. Application for an extension of due date, in exceptional circumstances, can be granted for a 4 month period in order for account-holders to make other arrangements

Interest rates are determined by the risk factor and it is possible for a client to obtain a very favourable interest rate by rendering the following:
Fixed security (bond on fixed property); notarial bond on moveable assets; favourable balance-sheet; cessions on crops, policies, shares or any other assets; a very favourable cash flow.
In order to execute a correct evaluation it is important that all relevant information be supplied in detail.

For your convenience all the types of accounts are shown on monthly statements, and can also be sent by e-mail should the client supply an e-mail address.

It is important that account holders take note that all problems in connection with purchases or invoices should be brought to the attention of the senior personnel at the place of purchase. The debtor's department does not carry any stock and is not involved in any sales transactions and therefore cannot supply you with any credit notes for unacceptable purchases or product exchanges.

The debtor's-department will be glady assist you with any queries regarding accounts and credit-arrangements.

LG FIVAZ
EXECUTIVE OFFICER CREDIT CONTROL

Please contact our helpline personnel who are dedicated to render only the best service.

- **MOSSEL BAY:** Elizabeth Viljoen / Zuriette van Rensburg @ 044 601 1200
- **RIVERSDALE:** Jonelle Fiet @ Tel: 028 713 2404
- **GEORGE:** Maria Saayman @ 044 801 4500
- **AVONTUUR:** Marietjie Kemp @ 044 752 3004

Georgetak se Somer Promosie

Die Georgetak het einde 2010 die vakansieseisoen afgeskop met spesiale promosies. Tydens die twee dae het daar 'n lekker opwindende atmosfeer geheers en baie moeite is gedoen met uitstallings en demonstrasies ten einde dit vir die klante so interessant moontlik te maak. 'n Groot reeks spesiale aanbiedinge en gelukkige trekkings is aangebied. Die Boeremark was baie gewild en 'n verskeidenheid vrugte, groente, saailinge, blomme en eetgoed was te koop.

Graag wil ons, ons kliënte bedank vir hul lojale ondersteuning. 'n Spesiale woord van dank ook aan al ons verskaffers vir hulle teenwoordigheid en ondersteuning tydens die promosie.

Belangrike Datums

RIVERSDALSTREEK

17 - 20 Mei:	NAMPO skou
13 - 16 Sep:	Bredasdorp Megaweek
1 - 6 Apr:	Oakdale skole Rugbyweek
1 - 3 Sep:	Riversdal veldblommeskou
26 + 27 Maart:	Stilbaai pampoenfees

GEORGESTREEK

3 - 5 Mrt:	Georgeskou
31 Mrt:	TRA Gholfdag

LANGKLOOFSTREEK

11 Feb:	Willowmore Skou
29 - 30 Jul:	Markötter naweek, Uniondale
26 - 27 Aug:	Langklooffees, Joubertina
25 Sep:	Karoo to Coast Bergfietsren, van Uniondale na Knysna
30 Sep - 1 Okt:	Uniondale Skou
26 Nov:	Tuinroete Agri Gholfdag, Uniondale

Pluimpie vir Tuinroete Agri in Landbouweekblad

"Dit was lekker om onlangs op 'n volhoubaarheids-konferensie in Port Elizabeth te hoor dat 'n landbou-maatskappy 'n goeie voorbeeld van 'n onderneming is, wat ondanks die winsmotief ook sy sosiale verantwoor-delikheid teenoor die gemeenskap nakom.

Die maatskappy is Tuinroete Agri met sy hoofkantoor op Mosselbaai. Met sy 20 takke en 53 000 produkte in sy reeks verkoop hy selfs tuisgebak van die tannies van die kontrei.

Ook in gemeenskappe, soos Krakeel en Haarlem in die Langkloof, is Tuinroete Agri sommer ook die bank én die kafee.

Die sake-ghoeroe, prof. Mervyn King, het tevrede geglimlag toe daar gesê is dat Tuinroete Agri 'n balans gevind het om aandeelhouers én sy klante gelukkig te hou en 'n onderneming is waar tradisionele waardes nog hoog geag word.

Hoe verlang Manie nie nou na die dae toe koöperasies nog koöperasies was nie. Hier waar oupa, met wie jy saamgegaan het, vir hom 'n vinger se roltwak vir 'n sikspens kon koop. En, vir jou, 'n pennie se nikkerbolle."

Manie in Landbouweekblad
3 September 2010

Agri Herold Landbouvereniging

Die Herold Landboufees 2011 vind plaas gedurende 1, 2 en 3 September. Besprekings vir stalletjies en borgskappe vir die fees is reeds oop. Skakel Weeber Truter by 082 566 2070 of Dian Barnard by 072 996 1668

SHOLIN®
RETAINING WALLS

PO Box 500 | Knysna | 6570 | 29 Meeu Street | Knysna Industrial Tel: 044 382 0746/5921 | Fax: 086 672 5291 | www.sholinwalls.co.za

Tuinroete Agri Knysna is trots op sy verbintenis met SHOLIN Retaining Walls:

Sholin Retaining Walls bestaan al sedert 1989. Die eienaars, Johann en Pieter Greeff ontwerp die Keermuurblokke self. Hulle doen self die vervaardiging en installasie met goed opgeleide pakkers in samewerking met strukturele ingenieurs. Alle Keermuurblokke word gewaarborg. Kom vergewis uself van goeie vakmanskap.

Tuinroete Agri / Intervet Boeredag by Thembalethu

Op Saterdag, 13 November 2010 is 'n Boeredag vir die beesboere van Thembalethu aangebied. Die geleentheid was 'n gesamentlike aksie van Intervet, Tuinroete Agri (George) en die Departement van Landbou: Wes-Kaap, ten einde die bestaansboere in die omgewing in te lig oor veesiektes en die versorging van hulle diere.

Ongeveer 300 beeste van sowat 20 boere is getoets vir tuberkulose en besmetlike misgeboorte. Diere is ook inge-ent vir bruselose. Inligting oor rooiwater, knopvelsiekte , slenkdalkoors en entstowwe is ook aan die boere oorgedra. Die dag se harde werk is afgesluit met 'n ligte ete wat deur Intervet geborg is. 'n Spesiale woord van dank aan Gary Wilson (Intervet), Eddie Lottering (Departement van Landbou) en Alvin Ruiters (Tuinroete Agri George) wat gehelp het om van hierdie dag 'n sukses te maak.

Organiseerders van hierdie dag is reeds besig om opvolgbesoeke te skeduleer. Reaksie op hierdie Boeredag was positief en verskeie navrae van veeboere in ander woongebiede is reeds ontvang om soortgelyke inligtingsdae aan te bied.

TE KOOP
Albertinia Graan

- Hawerpit bale klein ongeveer 20kg elk. Groot (bigpacks) ongeveer 200kg elk R1.98 per kg belasting ingesluit.
- Kleingraan Outenbran per kg R1.21. Pryse sluit BTW in

GARDEN ROUTE WATER Consultants

MEMBER Water Quality ASSOCIATION

Water Purification & Filtration Specialists
Serving the Garden Route since 1999

One & Two Stage Counter Top Water filters

Kitchen Faucet Mounting Ceramic Filter

2 Stage Under Counter Filter

Outdoor Ceramic Water Filter – ideal for camping & hiking

5 STAGE REVERSE OSMOSIS

OSMOSIS WATER PURIFIERS

Whole House Filters

Commercial System

Washing Machine Filters 1 & 2 stage

IMPORTERS & DISTRIBUTORS OF TOP QUALITY WATER PURIFIERS & FILTERS

Most filters available at Tuinroete Agri Stores. For specialised applications, contact:

Deon McAdam: 044 884 0888 or Cell 083 383 0416 • 21b Bishops Place, Cathedral Street, George

info@gardenroutewater.co.za • www.gardenroutewater.co.za

Ruim Woonhuis - 235 Vk M, Buitekamer / Motorhuis - 78 Vk M, Perseel - 3,5 Ha
Tendervorms Beskikbaar By Tuinroete Agri : Langkloof Takke
Tenders Sluit : 31 Maart 2011

Belangstellendes Kontak : Mervyn Schamrel of Piet Swart op 044 752 3004

TE KOOP
Woonhuis te Avontuur

TUINROETE AGRI LANDBOULEIERS-BYEENKOMS

MOSSELBAAI SPORTBEGINSELS GELD OOK VIR LANDBOU

By Tuinroete Agri se jaarlikse Desember-Landbouleiersbyeenkoms te Mosselbaai, was Dr Henning Gericke, sportmotiveerder, die spreker. Die byeenkoms word vir landbouleiers en kundiges, plaaslik en die wat vakansie hou, op 'n informele kuier basis in die saal by Tuinroete Agri aangebied. By die geleentheid het Dr Gericke sy ondervinding as sportmotiveerder en "kop-dokter", op 'n besondere gemotiveerde, kreatiewe en entoesiastiese wyse met die aanwesiges gedeel. Hy was die sportmotiveerder van die Springbok Rugbyspan wat die Wêreldbeker gewen het. Tans is hy die motiveerder by die Protea Krieketspan.

Op treffende wyse het Dr Gericke geillustreer hoe sekere motiveringsbeginsels in sport, ook op landbou van toepassing is. Die beginsels is passie, visie, spanspelerskap, waardes, selfvertroue en geestelike krag. Landbouers moet soos sportmanne fisies en geestelik fiks en "oop-kop"wees om dit wat hulle doen en onderneem, voluit en met waagmoed aan te pak, het Dr Gericke gesê.

Lullu de Jager 083 262 0312

BUFFALO HILLS PRIVATE GAME RESERVE NEAR PLETT

WHAT AN AMAZING PLACE!

One arrives at Buffalo Hills as a guest and leaves as a friend. I left there hoping that I could return soon to again experience the warm hospitality of the hosts Tony and Maria Kinahan and the wonder of nature that is so abundant on this 4 star game reserve. While we were having breakfast large herds of Eland, Impala, Bontebok, Blou Wildebeest, Zebra and 5 Giraffes grazed close by on a large green plane reminding one of Serengeti. Speaking of eating - my husband remarked after a superb supper that it was the best meal he has had all year.

During the morning walk conducted by the most knowledgeable guide I have ever met (Kurdt Greenwood), we learned the names of more than 30 indigenous trees and many interesting facts about insects, fungi, fynbos, birds, bats, various uses of leaves, ferns, bark, etc. Kurdt told us that one can only survive in a forest by climbing trees to get to birds' nests and water at the top. He demonstrated this by climbing a tall straight Assegaai tree with no branches to support him. I can really recommend this walk to young and old. We live close to a wonderful forest and can learn so much about its secrets. (Contact Kurdt before June when he leaves for Cape Town to attempt breaking the Guiness World record by staying in a room full of venomous snakes for 150 days: forestwalks@live.co.za or Tony @082 771 9370.)

Buffalo Hills also boasts a distillery, Nyati that produces a smooth and clear citrus-based distilled spirit. The mampoer based liqueurs come in strawberry, plum, apricot, peach and boegoe flavours. I am sure there are more, but I stopped tasting at some point!

The game drive, mountain bike trail, team building activities and above all the wonderful silence and stars at night outside one's luxurious en-suite tent is not to be missed. No wonder our hosts say that every day and every night is special at Buffalo Hills.

Specials include

R950.00 per person sharing per night (1 NIGHT) or 2 adults staying for 2 nights and (2 kids below 12 years old sharing for free). These rates include on a daily basis; afternoon safari game drive at Buffalo Hills Game Reserve, cultural distillery tour and tasting followed by dinner (snacks & drinks around 'boma fire') and early morning guided morning game & echo walk and a full breakfast.

R750.00 per person sharing per night. (minimum stay 2 nights)
This rate includes on a daily basis; cultural distillery tour and tasting, traditional dinner (snacks around 'boma fire') and a full breakfast.

R850.00 per person sharing per night (minimum stay 2 nights). KIDS GO FREE (max 2 kids below 12 years old sharing with 2 adults). This rate includes on a daily basis; cultural distillery tour and tasting, traditional dinner (snacks around 'boma fire') and a full breakfast.

Contact: Tony@0445359739/0827719370 • e-mail: Buffalohills@mweb.co.za • www.buffalohills.co.za

annelie van wyk

Herbertsdale en Riversdal se slim meisiekinders

Harry en Mira Muller by hulle slimkop Petra

Helene Muller by haar ouers Fritz en Karen en broer Freek

Anmari van Dyk by haar ouers Lourentia en Loutjie

Helene Muller en Petra Muller van Hoërskool Punt en albei van Herbertsdale het onlangs onderskeidelik die tweede en vierde posisie in die Wes Kaap se top Graad 12's behaal. Ek kon nie help om te wonder of dit die Herbertsdale water of die Muller gene is wat sulke slim meisiekinders produseer nie. Harry Muller lag, hy reken dis die Muller-mans wat so slim was om met slim vroue te trou! Helene studeer tans medies op Maties en Petra chemiese ingenieurswese op die PUK.

Anmari van Dyk het Riversdal en Hoërskool Langenhoven trots gemaak met haar 14de plek in die Wes Kaap top 20. Hier is sy by pa Loutjie en ma Lourentia. Sy studeer tans medies op Stellenbosch.

Annalie van Wyk

Kleinberg plaasmark

(Elke laaste Saterdag van die maand)

George DBV oorhandiging

Tuinbouklub TRA Mosselbaai

Tuinroete Agri Gholfdag op Uniondale

Redaksie: Annelie van Wyk / Tel. 044 601 1200 / avwyk@tagri.co.za

Renaissance Design & Print 044 691 3764